

ELSIE

Dis alles leuens. Moet haar nie glo nie. Sy is 'n slegte vrou.

KRIS

Stil, Mevrouw! U het u beurt gehad. (Baie vriendeliker aan Eulalie.) Gaan aan, kind.

EULALIE

Toe vind ek by sy kantoor uit wat my oom se adres is. Maar ongelukkig het ek die verkeerde nommer gekry en toe per ongeluk hier in mnr. Boshoff se stel kamers aangeland. Hier was niemand tuis nie, toe het ek maar ingekom, en nadat ek so 'n ruk gewag het, het ek my gaan verkleed en daarna het mnr. Boshoff tuis gekom.

ELSIE

En toe jy jou foute verneem het, hoekom het jy dan hier gebly en nie na jou oom en tante gegaan nie? Sien, Meneer (aan Kris), d's alles leuens. Ek glo geen woord daarvan nie.

KRIS

En toe, Eulalie?

EULALIE

Toe wou ek na Oom en Tante gaan, maar hulle voordeur was gesluit, toe het mnr. Boshoff gesê ek kan nie al die tyd met bagasie en al voor hul deur gaan staan nie, dus moet ek maar hier wag totdat Oom en Tante tuis kom.

KRIS

(Neem vriendelik haar handjie in syne.) My liewe kind, en jou tante en ek het ons al hoeglam gesoek na jou. Maar wie het dan ook kon dink dat jy al so 'n mooi, groot nooi kon wees? Ons soek mos na 'n dogtertjie van sowat twaalf jaar oud. (Hy omhels haar.) Hier is jou tant Marie. (Marie omhels ook vir Eulalie.)

MARIE

Die liewe kind! Wat moes jy nie alles hier deurmaak nie! Foei tog! En dit nog na so 'n vermoeiende reis!

KRIS

(Aan Elsie.) Mevrouw, die kind het die suiwere waarheid gepraat. Sy is my broerskind wat vandag van Rhodesië gearriveer het, maar daar ons mekaar nog nooit tevore gesien het nie, het ons mekaar op die stasie misgeloop. My vrou en ek het die polisie en die stasiemeester in kennis gestel, en hulle het getelefoneer en getelegrafeer na al die stasies langs die lyn om te probeer uitvind wat van die arme kind geword het. Toe, uit pure moedeloosheid, doodmoeg en honger, het ons huis-toe gekom om eers 'n bietjie te kom rus, toe ek toevallig u angskrete gehoor het.

ELSIE

O Meneer! Ek voel so skaam dat ek nie weet wat om te sê nie. Ek was ook so geskok dat ek glo nie by my volle positiewe was nie. Ek . . . ek . . . ag, my liewe Danie, kan jy my ooit vergewe dat ek jou so wantrou het? (Sy lê haar gesig op sy bors en snik. Danie streel haar hare liefdevol.)

DANIE

Hartjie, daar is niks vir my om te vergewe nie—dis net mej. Eulalie wie jy om vergifnis moet vra.

EULALIE

Dis ek wat moet om vergifnis vra dat ek u so ontstel het. (Sy gaan na Elsie en slaan vriendelik haar arm om haar skouers.) Sal u my vergewe?

ELSIE

Dit is uiters lief van jou, Eulalie, om my skandelige wantroue en onredelikheid so te wil bedek. (Sy soen haar.) 'n Duisendmaal ekskuus vir die gruwelike dinge wat ek gesê het. Kon ek maar net vergoeding doen aan jou en Danie vir alles wat ek gedoen het! (Sy sit haar kop op Danie se skouer en soen hom liefderyk.)

DANIE

My hartjie, dis alles al lankal vergeet, en nou gaan mej. Eulalie en ek vir julle drie 'n lekker koppie koffie maak en julle bedien met ete, want julle is seker al drie doodmoeg en baie honger. Kom sit asseblief, mnr. en mevr. Theron.

MARIE

As u ons net 'n oomblikkie sal verskoon, sal ek eers graag wil gaan hande was en hoed aphaal.

ELSIE

Goed. Dan kom julle binne tien minute weer terug om 'n koppie koffie en wat te ete hier te geniet.

MARIE

Ja, baie dankie, Mevrouw. Kom, Eulalie, laat ons jou eers ons woonhuis gaan wys. Oom kan maar later jou bagasie kom oordra. (Hulle gaan al drie uit.)

ELSIE

(Omhels Danie.) My skatlam!

DANIE

My liefste skattebolletjie!

DIE GORDYN VAL.

'n Baie groot dame aan haar maat: „Dink u ek sal gewig verloor as ek aldag perdry?”

Hy: „O ja, seker, Juffrou—dit is u tweede rit, en u perd is al baie skraler!”

* * * * *

Ben: „Ek het 'n man ontmoet wat vir my gesê het ek lyk na jou.”

Karel: „Waar is hy? Ek het lus om hom te slaan!”

Ben: „O, bedaar maar—ek het dit al gedoen!”

* * * * *

Ou Freek Baartman was vir die soveelste maal weer voor die magistraat vir dronkenskap, en die mense kon nie help om „hoerê!” te skree toe hulle hom weer daar sien nie. Toe sê die magistraat hardop:

„As daar weer een in die Hof „hoerê” skree, dan laat ek hom dadelik buite in die straat sit.”

„Hiop, hiop, hoerê!” skree ou Freek in die prisoniersbankie.

Ondersteun die Eisteddfod.

Deur J. E. M. Verwey.

WIL ons sien of ons land vir die toekoms 'n Caruso, 'n Clara Butt of 'n Shakespeare kan oplewer, laat die kleinspan dan 'n kans kry by die Eisteddfod.

Die Eisteddfod wat jaarliks in die Kaap gehou word, is die plek waarnatoe ons die kinders meer moet aanmoedig en stuur. Hul leer daar vrymoedigheid, om gewoon te raak an hul stem, word gewoon om voor 'n groot gehoor te verskyn en, bowendien, dit leer hul daar dikwels dat hul 'n kuns besit waarvan hul vantevore heeltemal onbewus was.

Ons moet erken dat daar nog heelwat gebrek aan ondersteuning is vir die Afrikaanse Afdeling: Toneelstukke was daar verlede jaar maar weinig; die resitasies wat gehoor was, was regtig mooi, maar was die kompetisie groot genoeg om vir die toehoorders te laat voel dat dit die beste in ons skole is? Slegs sewe skoolkore het ingeskrywe, waarvan twee hul teruggetrek het. Van die orige vyf was daar net twee van ons buiteskole wat deelgeneem het; die een was van Die Pêrel (wat nie die naaste buiteskool aan die Kaap is nie).

Ons sou graag sien dat skole soos Wellington, Stellenbosch, Malmesbury, selfs Hopefield en Darling, en ander kleiner skole dig by die Kaap, hul by die volgende Eisteddfod onder die mededingers bevind. Moenie vergeet nie dis 'n laer afdeling wat laas Die Huisgenootskild gewen het.

Nou iets vir ons onderwysers(esse). Ons onderwysers is nog so geneig om bang te wees om kinders aan 'n kompetisie te laat deelneem om die eenvoudige rede dat hulle bevrees is daar mag te veel kritiek teen hul uitgespreek word of dat hul vir ander sal moet onderdoen; of ons sien dat daar te veel moeite aan hierdie soort werk verbind is. Maar onthou goeie kritiek is leerzaam; om ons met ander te meet, leer ons onself ken; sonder moeite sonder iets. Omtrent die moeite aan hierdie werk verbode, kan die hoofonderwyser sy invloed baie laat geld.

Menigmaal is daar 'n onderwyseres op die staf van 'n skool wat net die regte persoon vir die werk is, maar sy wag net op hulp om die kinders in oefening te bring.

Die teenwoordigheid, meer as iets anders, van 'n hoofonderwyser as die kinders in oefening is, maak al 'n groot indruk. 'n Register van die kinders wat oefen, behoort gehou te word wat die hoofonderwyser gereeld moet nasien, en enigeen wat afwesig was vir 'n oefening, moet streng ondervra word. Daar kan geen goeie resultate verwag word nie—veral in die oefeninge van 'n toneelstuk of 'n koor—waar die kinders nie gereeld teenwoordig is nie; en hou u koor gereeld in oefening deur die jaar. Die „byeenskrapping” van 'n koor 'n paar weke voor die tyd put u uit en mismoenig u.

Die treindiens was laas nie so gerieflik vir die buiteskole nie, maar as daar baie inskrywings is, sal beter skikkinge getref kan word. Die Eisteddfod is daar vir ons kinders se opvoeding: laat ons dit ondersteun.

BAIEKEER reeds het mense wat wêreldberoemd is vir hulle kuns ons land verlaat met 'n skraal-gevulde sak en die gevoel dat die Afrikaners nie tyd of geld het vir die veredelende invloed van die musiek nie. As 'n mens bekend is met die pogings wat so baiekeer in ons groter stede aangewend word in belang van musiek, en die mislukkings wat daar van jaar tot jaar plaasvind, dan is dit nie 'n wonder dat liefhebbers van die kuns partymaal heeltemal moed opgee nie. Dié toestand skyn daarop te wys dat ons volk nie lus het om homself te veredel nie—veral as ons in gedagte hou die woorde van Luther: „Böse menschen haben keine Lieder.”

(Gaan ons egter onder ons volk rond, dan sien ons tekens wat ons dadelik laat besluit dat ons vir musiek net so veel tyd en opoffering het as enige ander volk. Daar is byna nie 'n deel van ons land waar ons dit nie aangetref het nie. Eenkeer het skrywer en 'n paar vriende uit nuuskierigheid met 'n Nuwejaarsdaggeleentheid gegaan na 'n deel waar seker nog van ons agterlikste mense woon. Die eerste wat ons opval toe ons die agtermiddag daar kom, was die feit dat ons die mikpunt was van alle skerts en grappies. Met ons persoonlikheid het ons nie besonder indruk gemaak nie, en wat erger was, die skone geslag het so stadigaan ons begin vermy asof ons ongediertes was. So het ons van die een plek na die ander gegaan om redding te soek, maar alles was tevergeefs. Eindelik kom ons in 'n kamer waar daar op die tafel 'n outoharpie lê. Gelukkig was dit lelik uit stem. Toe ons die harp in orde gebring het, was dit nie lank nie of die atmosfeer was heeltemal verander: ons het nou genoeg vriende gehad en musiek.

Party lesers sal waarskynlik lag oor die gebruik van die woord „musiek” vir iets waar 'n outoharpie 'n rol in speel, en die ander deel niks anders is as volksvysies nie. Maar die manier waarop dit uitgevoer word, is partymaal knap—die entoesiasme wat aan die dag gelê word, is inspirerend, en alle's in aanmerking geneem, kry 'n mens hier musiek waarin die musikante lewe. Dit laat ons dink aan wat Henry Finck, die groot musiekkriekus, gesê het: „Daar is twee soorte musiek: „heartmusic” en „art music.”

Die eerste is verreweg die beste—dis die enigste werklike kuns en dis hieronder dat bogenoemde val. Dis baie beter om hierna te luister ten opsigte van die uitvoerder as na 'n stuk van Beethoven, b.v., met 'n klomp verkeerde note daarin of net 'n boel note uitgesketter sonder ritme of nuanse.

Hier is baie te bewonder: Die ratsheid van die vingers, b.v., en hier en daar word die toehoorder getref deur skone deeltjies; maar almal dadelik pak—dit doen dit nie. Hullebroeck het eenmaal gesê dat „Sarie Marais” een van die mooiste deuntjies is wat hy nog ooit aangetref het. As ons dan in aanmerking neem dat „Sarie Marais” maar een van die volksdeuntjies is, en miskien nie eens die mooiste nie, dan kom ons tot die gevolgtrekking dat dié soort musiek darem ten minste ons aandag werd is.

Ons sing op skool is seker nog glad nie ideaal nie. Daar tree wel so hier en daar nou en dan 'n klompie kinders op, maar die duisende kinders in ons skole in aanmerking geneem, is die oes op die arbeid maar 'n slegte. In sekere mate kan dit miskien toegeskryf word aan die feit dat die mense wat die roosters opstel, onder die indruk is

Ons Volk en Musiek.

Deur „Crescendo.”

dat sing—nou ja, net 'n bietjie vermaak is en niks meer nie, en daarom die sangles altyd laat plaasvind wanneer die kinders al die moegste is. Selfs vir 'n eenvoudige sangles is daar wel inspanning nodig om goeie resultate te kry, en vermaak word dit eers as daar baie moeite gedoen is. 'n Groter struikelblok in die weg, meen ons egter, is die gemis aan die eie en bekende op dié gebied. Min Duitsers het ons nog aangetref wat ons nie kon vergas op talle van liedjies nie—ons het altyd gewonder of die mense sulke algemene resultate op hulle skole bereik, maar die feit dat party van hulle mense was wat hulle opvoeding hier in ons land gehad het, het ons die oorsaak op 'n ander plek laat soek. Later het ons uitgevind dat die liedjies by die ouers tuis gesing word en dat hulle klein boekies het om dit altyd by der hand te hê. Dié kin-



Die violinofoon is 'n gewone viool met 'n klankhoring wat deur 'n spesiale toestel die toon aanmerklik verhoog. Let op die horing oor die skouer.
(Foto L.N.A.)

ders ken al die sangstukkie vir hulle op skool kom, en as hulle daar kom, kan ons verstaan dat die sangles vir hulle 'n plesier is en dat dit deur hulle hele lewe 'n aangename iets bly.

As ons so nadink, dan is ons geneig om saam te stem met prof. Freud dat 'n mens die onaangename gou vergeet, terwyl jy die aangename lank onthou. Toe ons nog op skool was, was die sangles altyd 'n gedoente meer as iets anders. Ons begin met „Doh-Ré-Mé.” Vir party was dit partymaal 'n bietjie te hoog—maar met 'n bietjie skree, kry hulle darem die noot in hande! Dan begin die gehoortoefse: party raai dit reg, maar die grootste boel skiet mis.

Nooit het hulle ons probeer duidelik maak hoe om die goed te kry nie, of, liever, ons het dit nooit verstaan nie. Dan kom die sangstuk—vierstemmig! Die dogters sing sopraan en alt, en so hier en daar kom 'n seun by die alte—die ander moet

maar bas en tenoor sing. Die tenore het nog iets uitgekry, maar die basse—wel, hulle het 'n gedruis gemaak; of dit musikaal was, kan ons nie meer onthou nie. Dit alles geskied onderwyl die kinders afgemat is, in 'n klaskamer ver te klein om vars lug te verskaf.

Geen wonder dan, as 'n mens vandag 'n klompie mense soek wat die „Tonic-Solfa”-note kan lees, hulle baie skaars is nie.

Dit beteken egter nie dat ons nie gesing het nie. O nee, ons het baie gesing—maar die goedjies wat vir ons bekend was. As ons 'n klomp bymekaar gekom het, het ons gewoonlik gesing, en waar ons soms myle per trein of wa gegaan het, was die hele reis een konsert. As ons dus met ons bekende liedjies by ons skole kan begin—of, nog beter, by ons huise—sou ons 'n ander toestand van sake sien. Die kind wat die genot van saamsing gesmaak het, kan daar moeilik sonder klaarkom, en as hy dit eens geleer het, sal hy gou genoeg die note so leer dat hy goed kan meedoen. Dan eers is dit tyd om die meer ingewikkelde stukke te bring, en dan sal die kind nie beswaar maak nie.

Die klompie pieknieklidjies wat bymekaar gebring is, is op verre na nie al wat daar is nie. Daar is nog talle van ander: dansvysies en ander wat spesiaal by bruilofte, ens., gesing was. Die mense het dit gewoonlik in stemme gesing, en dit het goed gegaan. As dié dinge egter nie opgespoor en neergeskrywe word nie, sal alles verlore gaan, want behalwe die feit dat dit een van ons Afrikaanse volkstrekke is om ons eie te minag, is daar vandag die „jazz” met sy dolle vaart en ritme.

Dis 'n groot verantwoordelikheid wat op die skouers van ons volk op kulturele gebied rus. Die kuns het in al die lande gegroei uit dergelike kleinighede. Dis die regte pad by baie gewees, en dit sal ook so by ons wees. Eers as ons op ons eie ontwikkel het, sal die vreemde ons ten goede kan beïnvloed, en op dié manier is daar kans vir stelselmatige groei.

Prof. Seveik, die groot violonderwyser, het 'n tydjie gelede van die Amerikaners gesê dat hulle net so musikaal is as enige nasie ter wêreld, en net so gewillig om hard te werk, maar hulle mis die sing van volksdeuntjies by hulle huise, en daardeur sal hulle met dieselfde moeite nooit op musikale gebied kan bereik wat Europese studente kan bereik nie. Maar behalwe dit alles: Die deuntjies is ons eie en staan in verband met ons volksgeskiedenis—sal daar nemand wees om hom te bekommer om hulle verlies nie?

Naam en Adres, asseblief.

Iemand het op 15 Januarie 'n poswissel vir 15s. uit Bredasdorp aan die Nasionale Pers gestuur, maar het vergeet om die naam en adres te meld en ook waarvoor dit is. Sal die betrokke persoon asseblief die gewenste inligting verskaf?

Ook wil ons gebruik maak van hierdie geleentheid om ons intekenare nogmaals te versoek om besonderhede te verskaf by die instuur van poswissels, ens.—anders veroorsaak dit onnodige moeite in die versendingsafdeling. Dit geld veral ook vir verandering van adresse.